# Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
E-pos: villiesskool@icon.co.za
Webwerf: www.laerskoolvillieria.co.za

Ben Swartstraat 1032
Villieria
Pretoria
0186

14 Januarie 2026

Geagte ouers/voogde

## NUUSBRIEF 1/2026

Welkom terug aan elke ouer/voog, Villie-leerder, personeellid, asook ons nuwe ouerhuise en nuwe Villie-leerders. Ons hoop u kon goed uitrus tydens die vakansie. Ons dank ons Hemelse Vader vir Sy beskerming en seën oor elke gesin gedurende hierdie tyd.

Soos ons 'n nuwe jaar en termyn aanpak, doen ons dit met volle vertroue dat God ons sal lei, versterk en wysheid gee in elke besluit en elke uitdaging. Mag hierdie jaar vir elke leerder geleenthede bied om hul volle potensiaal te bereik.
Dankie vir u volgehoue ondersteuning, betrokkenheid en gebede – dit speel 'n onmisbare rol in ons leerders se sukses. Saam plaas ons hierdie jaar in die Here se hande en sien uit na 'n geseënde en suksesvolle tyd vorentoe.

### NUWE-/BELANGRIKE BOODSKAPPE

**SKOLE HEROPEN (2026)**
Die skool het vandag, 14 Januarie 2026 vir alle graad R- tot 7-leerders heropen vir 2026.

**NUUSBRIEWE**
Ons Nuusbriewe verskyn weekliks per e-pos (Vrydae). Indien u nie Nuusbriewe per e-pos ontvang nie, stuur asseblief u korrekte e-posadres na villiesskool@icon.co.za

**TOESLUITKASSIES (Lockers)**
Leerders wie laas jaar toesluitkassies gehad het wie se slotte nog op is, moet dit verwyder eerste ding môre, anders sal die slotte geknip word vir die nuwe 2026-aansoeke.

Alle graad 4- tot 7-leerders kan vanaf 6:30 op Maandag, 19 Januarie 2026 toesluitkassies by mevrou Ida Roodt in die finansiële kantoor kom betaal teen R150 elk vir die jaar. EFT-betalings kan ongelukkig nie aanvaar word nie, aangesien ons werk op die basis van *"First come, first serve."* Slegs kontant- of kaartbetalngs. Leerders moet ook reeds die nommer van die toesluitkassie ken wat hul wil gebruik vir die jaar voor hulle aanmeld by mevrou Ida Roodt.

***LET WEL: Geen toesluitkassies mag gedeel word met ander leerders of boetie/sussie nie.***

**KEN-MEKAAR-BRAAI**
Ons nooi elke Villie-ouerhuis vir 'n Ken-Mekaar-Braai op Vrydag, 16 Januarie 2026 na afloop van ons Huissport. Eerste vure sal vanaf 15:00 aangesteek word. Pap, sous en vure sal voorsien word. Uit respek vir ons bure eindig ons Ken-Mekaar-Geselligheid om 21:00.

**FINANSIES**

- **Rekeningstate**
  Skoolgeld en naskoolgeld vir Januarie was reeds betaalbaar. Soos reeds aan u bekend, is genoemde gelde vooruitbetaalbaar voor of op die 7de van elke maand.
  Rekeningstate word Maandag, 19 Januarie 2026 per e-pos aan alle ouers/voogde gestuur.

- **Vrystelling-/gedeeltelike vrystelling van skoolgelde (Graad 1 – 7)**
  Aansoek moet jaarliks gedoen word vir vrystelling- of gedeeltelike vrystelling van skoolgelde. Indien u ‘n 2026-aansoekvorm benodig, moet u asseblief ‘n e-pos stuur op Maandag, 2 Februarie 2026 aan finansies@laerskoolvillieria.co.za. Geen aanvraag van vorms voor dan nie asseblief.
  Aansoekvorms sal dan gedurende die eerste week van Februarie 2026 aan ouers/voogde gestuur word per e-pos. Geen harde kopieë sal uitgedeel of ontvang word nie, slegs per e-pos.

**SPORT**

- **Rugby (o/9 – o/13)**
  Soos reeds verlede jaar genoem, word alle ouers/voogde van o/9- tot o/13-seuns, vriendelik uitgenooi na ‘n rugby-ouervergadering op Donderdag, 15 Januarie 2026 (18:00) in die skoolsaal. Parkering op die grasperk in 30ste Laan.

- **Netbal (o/10 – o/13)**
  “Netball Trail Prep” word aangebied deur Goalline Sport. Die koste beloop R200 per dogter en vind plaas op Saterdag, 17 Januarie 2026 (8:00 – 11:30). Let wel, hierdie R200 word nie by die skool inbetaal nie, aangesien dit nie ‘n skoolaangeleentheid is nie. Kontak asseblief vir me. Joy van Zyl vir alle navrae rondom die dag, asook vir die skakel (link) waar u moet registreer en die w/app-groep. Sien bladsy 10 van hierdie Nuusbrief vir die advertensie.

  Neem kennis dat “Netball Trail Prep” nie verpligtend is nie. Indien u dogter dit nie kan bywoon nie, sal dit nie haar kans in die proewe beïnvloed nie.

  - **Proewe**
    Laerskool Villieria se eerste rondte proewe vind plaas op Maandag, 26 Januarie 2026 vanaf 14:00 – 16:00. Volledige inligting sal volg.

- **Atletiek**
  Sien asseblief die volledige atletiekprogramme vir ons Huissport van Donderdag, 15 Januarie 2026 en Vrydag, 16 Januarie 2026 by hierdie Nuusbrief aangeheg.
  Diskus en spiesgooi vind plaas deur die loop van Donderdagoggend. Die volledige Huissport vind plaas op Vrydag vanaf 8:00.

  - **Uitdunne (o/6 – o/13)**
    Die atletiekuitdunne van ons baanitems en die res van die velditems vir 2026 se Huissport, vind op ons sportvelde oorbaan plaas Vrydag, 16 Januarie 2026.

  - **Reëlings in verband met Vrydag se Huissport**
    - ✓ Alle graad R- tot 7-leerders wat wel skool toe kom Vrydag, meld eers soos ‘n gewone skooldag by hulle registerklasse aan.
    - ✓ Leerders wat nie aan enige atletiek aktiwiteite wil deelneem nie, is welkom om Vrydag, 16 Januarie 2026 by die huis te bly. (Daar gaan geen formele onderrig plaasvind nie en geen leerder word afwesig gemerk nie).
    - ✓ Daar sal toesig wees by die skool tot 13:30 vir alle graad 1- tot 7-leerders wat nie tuis kan bly nie en wat nie deelneem aan enige atletiekitems nie. Daar is ook toesig vir leerders wie deelneem en nie na afloop van hul items kan huis toe gaan nie. (Vir graad R-leerders tot 13:00). Ingeskrewe Villies Naskoolleerders, sal om 13:30 na die Naskoolsentrum geneem word.

- ✓ Leerders wat nie aan die atletiek deelneem nie, wie wel skool toe kom, dra Villiesdrag.
- ✓ Atlete kan Villiesdrag of atletiekdrag dra om deel te neem, of hulle kan iets aantrek volgens hulle span se kleur:
  - Vanne wat begin met die letter A tot G trek geel aan.
  - Vanne wat begin met die letter H tot R trek rooi aan.
  - Vanne wat begin met die letter S tot Z trek blou aan.
- ✓ Smeer genoeg sonskerm aan en pak ‘n hoed in vir die son.
- ✓ Die snoepie sal nie oop wees aan die skool se kant nie, maar wel oorbaan waar die atletiek plaasvind.
- ✓ Atlete kan opdaag net vir hulle item(s) en daarna huis toe gaan.
- ✓ Die graad R-leerders kom gewone tyd skool toe. Hulle hardloop tussen 9:09 en 9:30. Hierdie leerders kan om 10:00 by hulle klasse afgehaal word en huis toe gaan.
- ✓ Alle graad 1- en graad 2-leerders wat om 10:30 klaar is met hulle program, kan by 30ste Laan se oplaaipunt aan die skool se kant (Naskoolhekkie) afgehaal word. Toesig vir oplaai van leerders sal gereël word by die hekkie.
- ✓ Leerders van graad 1 tot 3 wat kwalifiseer om in die finaal te hardloop, sal ook toesig hê tot haar/sy finaal begin. Na afloop van sy/haar finaal, kan hul ook by die wag area opgetel word.
- ✓ Atlete wat 1ste tot 6de plek behaal by Donderdag en Vrydag se uitdunne (dit sluit die finaal van die naelope in), sal deurdring na die volgende byeenkoms.
- ✓ Die volgende byeenkoms vind tuis plaas op Dinsdag, 20 Januarie 2026 teen Laerskool Voorpos. Die atlete moet asseblief by die oefeninge uitkom. Atlete wat privaat oefening kry hoef nie by die skool se oefeninge in te val nie. (Atlete wat gaan deelneem sal ‘n brief ontvang met meer inligting).

**<u>VILLIES GEBEDSGROEPE</u>**

Alle pappas, mammas, oumas, oupas, voogde en ondersteuners van Laerskool Villieria wat ‘n hart vir gebed het, kom bid saam met ons! Ons skop weer af met ons gebedsgroepe vanaf Vrydag, 16 Januarie 2026.

- **<u>Dames gebedsgroep</u>**
  - ✓ In die Sportsaal (Sportvelde oorbaan).
  - ✓ Maandae 7:15 – 7:45
  - ✓ Vrydae 7:15 – 7:45

  Volg die skakel om deel te word van die W/app groep:
  https://chat.whatsapp.com/Drxh2JX2GMXA4z1Z2ieXcq

- **<u>Manne gebedsgroep</u>**
  - ✓ By Christlife Ministries Kerk (In 30ste Laan langs die skool).
  - ✓ Vrydae 7:15 – 7:45

## GEDAGTE VIR DIE WEEK




Villiesgroete

***A.J. GROBLER***
***HOOF***

# ***SIEN ASSEBLIEF DIE VOLGENDE BLADSYE***

# HUISSPORT: SPIESGOOI EN DISKUS MASSABYEENKOMS

## Donderdag, 15 Januarie 2026

| TYD | ITEM |
|---|---|
| 8:00 – 9:00 | Spiesgooi o/13S |
| 8:00 – 9:00 | Diskus o/12S |
| 9:00 – 10:00 | Spiesgooi o/13D |
| 9:00 – 10:00 | Diskus o/12D |
| 10:00 – 11:00 | Spiesgooi o/12S |
| 10:00 – 11:00 | Diskus o/13S |
| 11:00 – 12:00 | Spiesgooi o/12D |
| 11:00 – 12:00 | Diskus o/13D |

## HUISSPORT: MASSABYEENKOMS

### Vrydag, 16 Januarie 2026

| Nr | Tyd | Put | Item | Category | Volg | Nota |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 08:00 | | Finaal Dogters 10 70m Hekkies | Rekord=Vl: 16.47 | | 68cm |
| 2 | 08:01 | | Finaal Seuns 10 70m Hekkies | Rekord=Vl: 14.53 | | 68cm |
| 3 | 08:02 | | Finaal Dogters 11 70m Hekkies | Rekord=Vl: 13.53 | | 68cm |
| 4 | 08:03 | | Finaal Seuns 11 70m Hekkies | Rekord=Vl: 13.78 | | 68cm |
| 5 | 08:04 | | Finaal Dogters 12 75m Hekkies | Rekord=Vl: 16.44 | | 68cm |
| 6 | 08:05 | | Finaal Seuns 12 75m Hekkies | Rekord=Vl: 16.65 | | 76.2cm |
| 7 | 08:07 | | Finaal Dogters 13 75m Hekkies | Rekord=Vl: 15.37 | | 76.2cm |
| 8 | 08:09 | | Finaal Seuns 13 80m Hekkies | Rekord=Vl: 13.18 | | 76.2cm |
| 9 | 08:10 | A | Finaal Dogters 11 Verspring | Rekord=Vl: 4.19 | | |
| 10 | 08:10 | B | Finaal Seuns 11 Verspring | Rekord=Vl: 4.35 | | |
| 11 | 08:10 | A | Finaal Dogters 12 Hoogspring | Rekord=Vl: 1.37 | | |
| 12 | 08:10 | B | Finaal Seuns 12 Hoogspring | Rekord=Vl: 1.45 | | |
| 13 | 08:10 | A | Finaal Dogters 10 Gewigstoot | Rekord=Vl: 07.74 | | 2kg |
| 14 | 08:10 | B | Finaal Seuns 10 Gewigstoot | Rekord=Vl: 08.20 | | 2kg |
| 15 | 08:15 | | Finaal Dogters 13 1500m | Rekord=Vl: 05:10.04 | | |
| 16 | 08:20 | | Finaal Seuns 13 1500m | Rekord=Vl: 04:47.00 | | |
| 17 | 08:25 | | Finaal Dogters 10 1200m | Rekord=Vl: 4:25.00 | | |
| 18 | 08:30 | | Finaal Seuns 10 1200m | Rekord=Vl: 4:22.06 | | |
| 19 | 08:35 | | Finaal Dogters 11 1200m | Rekord=Vl: 4:23.53 | | |
| 20 | 08:40 | | Finaal Seuns 11 1200m | Rekord=Vl: 4:09.53 | | |
| 21 | 08:45 | | Uitdun 1 van 4 Dogters 07 60m | Rekord=Vl: 10.20 | (Finaal=109) | |
| 22 | 08:48 | | Uitdun 2 van 4 Dogters 07 60m | Rekord=Vl: 10.20 | (Finaal=109) | |
| 23 | 08:51 | | Uitdun 3 van 4 Dogters 07 60m | Rekord=Vl: 10.20 | (Finaal=109) | |
| 24 | 08:54 | | Uitdun 4 van 4 Dogters 07 60m | Rekord=Vl: 10.20 | (Finaal=109) | |
| 25 | 08:57 | | Uitdun 1 van 4 Seuns 07 60m | Rekord=Vl: 09.47 | (Finaal=110) | |
| 26 | 09:00 | | Uitdun 2 van 4 Seuns 07 60m | Rekord=Vl: 09.47 | (Finaal=110) | |
| 27 | 09:03 | | Uitdun 3 van 4 Seuns 07 60m | Rekord=Vl: 09.47 | (Finaal=110) | |
| 28 | 09:06 | | Uitdun 4 van 4 Seuns 07 60m | Rekord=Vl: 09.47 | (Finaal=110) | |
| 29 | 09:09 | | Finaal 1 van 4 Dogters 06 60m | | (Geen finaal) | |
| 30 | 09:12 | | Finaal 2 van 4 Dogters 06 60m | | (Geen finaal) | |
| 31 | 09:15 | | Finaal 3 van 4 Dogters 06 60m | | (Geen finaal) | |
| 32 | 09:18 | | Finaal 4 van 4 Dogters 06 60m | | (Geen finaal) | |
| 33 | 09:21 | | Finaal 1 van 4 Seuns 06 60m | | (Geen finaal) | |
| 34 | 09:24 | | Finaal 2 van 4 Seuns 06 60m | | (Geen finaal) | |
| 35 | 09:27 | | Finaal 3 van 4 Seuns 06 60m | | (Geen finaal) | |
| 36 | 09:30 | | Finaal 4 van 4 Seuns 06 60m | | (Geen finaal) | |
| 37 | 09:30 | A | Finaal Dogters 13 Verspring | Rekord=Vl: 4.91 | | |
| 38 | 09:30 | B | Finaal Seuns 13 Verspring | Rekord=Vl: 5.52 | | |
| 39 | 09:30 | A | Finaal Dogters 10 Hoogspring | Rekord=Vl: 1.20 | | |
| 40 | 09:30 | B | Finaal Seuns 10 Hoogspring | Rekord=Vl: 1.25 | | |
| 41 | 09:30 | A | Finaal Dogters 11 Gewigstoot | Rekord=Vl: 09.97 | | 2kg |
| 42 | 09:30 | B | Finaal Seuns 11 Gewigstoot | Rekord=Vl: 11.54 | | 2kg |
| 43 | 09:35 | | Finaal Dogters 12 1200m | Rekord=Vl: 4:02.00 | | |
| 44 | 09:40 | | Finaal Seuns 12 1200m | Rekord=Vl: 3:49.09 | | |
| 45 | 09:45 | | Finaal Dogters 09 600m | Rekord=Vl: 2:03.84 | | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 46 | 09:50 | | Finaal Seuns 09 600m | Rekord=Vl: 2:03.25 | | |
| 47 | 09:55 | | Uitdun 1 van 4 Dogters 08 80m | Rekord=Vl: 12.27 | (Finaal=111) | |
| 48 | 09:58 | | Uitdun 2 van 4 Dogters 08 80m | Rekord=Vl: 12.27 | (Finaal=111) | |
| 49 | 10:01 | | Uitdun 3 van 4 Dogters 08 80m | Rekord=Vl: 12.27 | (Finaal=111) | |
| 50 | 10:04 | | Uitdun 4 van 4 Dogters 08 80m | Rekord=Vl: 12.27 | (Finaal=111) | |
| 51 | 10:07 | | Uitdun 1 van 4 Seuns 08 80m | Rekord=Vl: 12.03 | (Finaal=112) | |
| 52 | 10:10 | | Uitdun 2 van 4 Seuns 08 80m | Rekord=Vl: 12.03 | (Finaal=112) | |
| 53 | 10:13 | | Uitdun 3 van 4 Seuns 08 80m | Rekord=Vl: 12.03 | (Finaal=112) | |
| 54 | 10:16 | | Uitdun 4 van 4 Seuns 08 80m | Rekord=Vl: 12.03 | (Finaal=112) | |
| 55 | 10:19 | | Uitdun 1 van 4 Dogters 09 80m | Rekord=Vl: 12.03 | (Finaal=113) | |
| 56 | 10:22 | | Uitdun 2 van 4 Dogters 09 80m | Rekord=Vl: 12.03 | (Finaal=113) | |
| 57 | 10:25 | | Uitdun 3 van 4 Dogters 09 80m | Rekord=Vl: 12.03 | (Finaal=113) | |
| 58 | 10:28 | | Uitdun 4 van 4 Dogters 09 80m | Rekord=Vl: 12.03 | (Finaal=113) | |
| 59 | 10:31 | | Uitdun 1 van 4 Seuns 09 80m | Rekord=Vl: 11.33 | (Finaal=114) | |
| 60 | 10:34 | | Uitdun 2 van 4 Seuns 09 80m | Rekord=Vl: 11.33 | (Finaal=114) | |
| 61 | 10:37 | | Uitdun 3 van 4 Seuns 09 80m | Rekord=Vl: 11.33 | (Finaal=114) | |
| 62 | 10:40 | | Uitdun 4 van 4 Seuns 09 80m | Rekord=Vl: 11.33 | (Finaal=114) | |
| 63 | 10:43 | | Uitdun 1 van 4 Dogters 10 100m | Rekord=Vl: 14.05 | (Finaal=115) | |
| 64 | 10:46 | | Uitdun 2 van 4 Dogters 10 100m | Rekord=Vl: 14.05 | (Finaal=115) | |
| 65 | 10:49 | | Uitdun 3 van 4 Dogters 10 100m | Rekord=Vl: 14.05 | (Finaal=115) | |
| 66 | 10:52 | | Uitdun 4 van 4 Dogters 10 100m | Rekord=Vl: 14.05 | (Finaal=115) | |
| 67 | 10:55 | | Uitdun 1 van 4 Seuns 10 100m | Rekord=Vl: 13.65 | (Finaal=116) | |
| 68 | 10:58 | | Uitdun 2 van 4 Seuns 10 100m | Rekord=Vl: 13.65 | (Finaal=116) | |
| 69 | 11:01 | | Uitdun 3 van 4 Seuns 10 100m | Rekord=Vl: 13.65 | (Finaal=116) | |
| 70 | 11:04 | | Uitdun 4 van 4 Seuns 10 100m | Rekord=Vl: 13.65 | (Finaal=116) | |
| 71 | 11:05 | A | Finaal Dogters 10 Verspring | Rekord=Vl: 3.68 | | |
| 72 | 11:05 | B | Finaal Seuns 10 Verspring | Rekord=Vl: 4.16 | | |
| 73 | 11:05 | A | Finaal Dogters 13 Hoogspring | Rekord=Vl: 1.55 | | |
| 74 | 11:05 | B | Finaal Seuns 13 Hoogspring | Rekord=Vl: 1.60 | | |
| 75 | 11:05 | A | Finaal Dogters 12 Gewigstoot | Rekord=Vl: 10.04 | | 3kg |
| 76 | 11:05 | B | Finaal Seuns 12 Gewigstoot | Rekord=Vl: 09.95 | | 3kg |
| 77 | 11:10 | | Uitdun 1 van 4 Dogters 11 100m | Rekord=Vl: 13.53 | (Finaal=117) | |
| 78 | 11:13 | | Uitdun 2 van 4 Dogters 11 100m | Rekord=Vl: 13.53 | (Finaal=117) | |
| 79 | 11:16 | | Uitdun 3 van 4 Dogters 11 100m | Rekord=Vl: 13.53 | (Finaal=117) | |
| 80 | 11:19 | | Uitdun 4 van 4 Dogters 11 100m | Rekord=Vl: 13.53 | (Finaal=117) | |
| 81 | 11:22 | | Uitdun 1 van 4 Seuns 11 100m | Rekord=Vl: 12.97 | (Finaal=118) | |
| 82 | 11:25 | | Uitdun 2 van 4 Seuns 11 100m | Rekord=Vl: 12.97 | (Finaal=118) | |
| 83 | 11:28 | | Uitdun 3 van 4 Seuns 11 100m | Rekord=Vl: 12.97 | (Finaal=118) | |
| 84 | 11:31 | | Uitdun 4 van 4 Seuns 11 100m | Rekord=Vl: 12.97 | (Finaal=118) | |
| 85 | 11:34 | | Uitdun 1 van 4 Dogters 12 100m | Rekord=Vl: 13.18 | (Finaal=119) | |
| 86 | 11:37 | | Uitdun 2 van 4 Dogters 12 100m | Rekord=Vl: 13.18 | (Finaal=119) | |
| 87 | 11:40 | | Uitdun 3 van 4 Dogters 12 100m | Rekord=Vl: 13.18 | (Finaal=119) | |
| 88 | 11:43 | | Uitdun 4 van 4 Dogters 12 100m | Rekord=Vl: 13.18 | (Finaal=119) | |
| 89 | 11:46 | | Uitdun 1 van 4 Seuns 12 100m | Rekord=Vl: 13.28 | (Finaal=120) | |
| 90 | 11:49 | | Uitdun 2 van 4 Seuns 12 100m | Rekord=Vl: 13.28 | (Finaal=120) | |
| 91 | 11:52 | | Uitdun 3 van 4 Seuns 12 100m | Rekord=Vl: 13.28 | (Finaal=120) | |
| 92 | 11:55 | | Uitdun 4 van 4 Seuns 12 100m | Rekord=Vl: 13.28 | (Finaal=120) | |
| 93 | 11:58 | | Uitdun 1 van 4 Dogters 13 100m | Rekord=Vl: 13.29 | (Finaal=121) | |
| 94 | 12:01 | | Uitdun 2 van 4 Dogters 13 100m | Rekord=Vl: 13.29 | (Finaal=121) | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 95 | 12:04 | | Uitdun 3 van 4 Dogters 13 100m | Rekord=Vl: 13.29 | (Finaal=121) | |
| 96 | 12:07 | | Uitdun 4 van 4 Dogters 13 100m | Rekord=Vl: 13.29 | (Finaal=121) | |
| 97 | 12:10 | | Uitdun 1 van 4 Seuns 13 100m | Rekord=Vl: 12.50 | (Finaal=122) | |
| 98 | 12:13 | | Uitdun 2 van 4 Seuns 13 100m | Rekord=Vl: 12.50 | (Finaal=122) | |
| 99 | 12:16 | | Uitdun 3 van 4 Seuns 13 100m | Rekord=Vl: 12.50 | (Finaal=122) | |
| 100 | 12:19 | | Uitdun 4 van 4 Seuns 13 100m | Rekord=Vl: 12.50 | (Finaal=122) | |
| 101 | 12:20 | A | Finaal Dogters 12 Verspring | Rekord=Vl: 4.63 | | |
| 102 | 12:20 | B | Finaal Seuns 12 Verspring | Rekord=Vl: 4.86 | | |
| 103 | 12:20 | A | Finaal Dogters 11 Hoogspring | Rekord=Vl: 1.25 | | |
| 104 | 12:20 | B | Finaal Seuns 11 Hoogspring | Rekord=Vl: 1.35 | | |
| 105 | 12:20 | A | Finaal Dogters 13 Gewigstoot | Rekord=Vl: 11.23 | | 3kg |
| 106 | 12:20 | B | Finaal Seuns 13 Gewigstoot | Rekord=Vl: 12.99 | | 4kg |
| 107 | 12:25 | | Finaal Dogters 13 800m | Rekord=Vl: 2:24.66 | | |
| 108 | 12:30 | | Finaal Seuns 13 800m | Rekord=Vl: 2:21.00 | | |
| 109 | 12:35 | | Finaal Dogters 07 60m | Rekord=Vl: 10.20 | | |
| 110 | 12:38 | | Finaal Seuns 07 60m | Rekord=Vl: 09.47 | | |
| 111 | 12:41 | | Finaal Dogters 08 80m | Rekord=Vl: 12.27 | | |
| 112 | 12:44 | | Finaal Seuns 08 80m | Rekord=Vl: 12.03 | | |
| 113 | 12:47 | | Finaal Dogters 09 80m | Rekord=Vl: 12.03 | | |
| 114 | 12:50 | | Finaal Seuns 09 80m | Rekord=Vl: 11.33 | | |
| 115 | 12:53 | | Finaal Dogters 10 100m | Rekord=Vl: 14.05 | | |
| 116 | 12:56 | | Finaal Seuns 10 100m | Rekord=Vl: 13.65 | | |
| 117 | 13:00 | | Finaal Dogters 11 100m | Rekord=Vl: 13.53 | | |
| 118 | 13:03 | | Finaal Seuns 11 100m | Rekord=Vl: 12.97 | | |
| 119 | 13:06 | | Finaal Dogters 12 100m | Rekord=Vl: 13.18 | | |
| 120 | 13:09 | | Finaal Seuns 12 100m | Rekord=Vl: 13.28 | | |
| 121 | 13:12 | | Finaal Dogters 13 100m | Rekord=Vl: 13.29 | | |
| 122 | 13:15 | | Finaal Seuns 13 100m | Rekord=Vl: 12.50 | | |

# KLAVIERLESSE

## IN WAVERLEY

- BEGINNERS
- EISTEDFODDS
- UNISA-EKSAMENS



**KONTAK 073 779 2621**




**For more information:**

- Contact Joy van Zyl on 083 292 7330

GOAL LINE SPORTS


LIFTED
in Grace
DANCE FACTORY
DANS KLASSE BY
VILLIERIA
Style:
Modern & Contemporary
Hip Hop
Pryse:
R280 p/m
vir 30min klasse
R320 p/m
vir 45min klasse
Registrasie fooi:
R180 (bestaande studente)
R220 (nuwe studente)
Kontak ons gerus vir meer inligting
info@lifteddancefactory.co.za
Danielle - 067 252 5742